**25 Februarie**
**Skrifgedeelte: Psalm 127**
**Fokusgedeelte: Psalm 127:1**

## Leef in kinderlike afhanklikheid

Elke mens wil in dit wat hy/sy doen, suksesvol wees. Jy trou tog nie met die doel om weer te skei nie. Die dag as jy aftree, wil jy nie steeds die junior klerk in die maatskappy wees nie. Die vraag is wat jy moet jy doen om in die lewe suksesvol te wees. Op die oor af klink dit na ’n maklike vraag. Om gelukkig getroud te wees, moet ek kan vergewe en vergeet. Om by die werk bevorder te word, moet ek hard werk. Hoewel hierdie reëls so eenvoudig klink, maak die Here vir ons duidelik dat dit nié so eenvoudig is nie. Jy kan gelukkig getroud wees en jy kan ’n toppos in die maatskappy beklee, en tog kan jy steeds ’n mislukking wees! Sukses word nie net bepaal deur te presteer nie. Sukses is meer as prestasie. Nou kan jy met reg vra wat die verskil is tussen ’n suksesvolle en mislukte lewe. Luister na die Here se antwoord op die vraag! Hy sê alles wat jy sonder Hom doen, wat jy alleen in jou eie krag doen, is tevergeefs. Dit beteken niks. Dit is ’n mislukking! In wie se krag pak jy jou studies, jou werk, jou huwelik aan?
*Sing: Psalm 146:2, 3, 8 Ds CS Grobler (Stellenbosch)*